Termyn 02

# HOOFSTUK 6 – LEWE IN DIE WATER


**SIKLUS 6: WEEK 1 & 2**

## LES 1: LUISTER EN PRAAT

GROEPBESPREKING

Daar is verskillende diere wat in water lewe; van reptiele, amfibië tot selfs soogdiere. Hulle het spesiale aanpassings om onder water te kan asemhaal, te swem en te beweeg. Hieronder volg 'n paar voorbeelde van diere wat in water leef. Benoem die prentjies.






































| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 4. | 7. | 10. | 13. |
| 2. | 5. | 8. | 11. | 14. |
| 3. | 6. | 9. | 12. | 15. |

## LES 2: LUISTER EN PRAAT

### GROEPBESPREKING

Jou onderwyser gaan vir jou twee YouTube-video's oor krokodille wys. Luister aandagtig na die inligting en kyk hoe krokodille in die natuur lewe. Beantwoord dan die vrae.

**VIDEO 1**
https://youtu.be/ZKUUKOdIpOA

### AANTEKENINGE

### VRAE:

1. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
   Krokodille is karnivore wat beteken dat hulle slegs (plantmateriaal/vleis) eet.
2. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
   Krokodille is (soogdiere/reptiele).
3. Voltooi: Krokodille woon meestal in ____________________ .
4. Wat is die doel van die skubbe op die krokodil se vel?
5. Hoe lank gelede het krokodille hul eerste verskyning op aarde gemaak?
6. Voltooi: Omdat krokodille koudbloedig is, gee hulle nie lewendig geboorte aan hul babas nie, maar lê ____________________.

7. Watter liggaamsdeel van die krokodil is baie sterk en laat hulle toe om vinnig in die water te beweeg?
8. Wat is krokodille se geliefkoosde habitat?
9. Hoekom kan krokodille hulle asem vir 6 ure onder die water ophou?
10. Watter diere dien gewoonlik as prooi vir die jonger krokodille?
11. Hoeveel tande is in 'n krokodil se bek?
12. Die volgende stelling is ONWAAR. Motiveer waarom dit onwaar is.
    As krokodille se tande uitval, kan dit nie weer teruggroei nie.
13. Hoekom is mense vir krokodille 'n bedreiging?

**VIDEO 2**
https://youtu.be/npi99Y-MkN0

**AANTEKENINGE**

**VRAE:**

1. Watter vlieënde dier word aan die begin van die video deur die krokodil gevang?
2. In watter land is hierdie video geskiet?
3. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
   Krokodille se kake kan baie (vinnig/stadig) sluit.
4. Sal jy bang wees vir 'n krokodil as jy per ongeluk saam met 'n krokodil in die water beland? Motiveer jou antwoord.

5. Hoe lank word die Nylkrokodil?
6. Wat probeer die groep seekoeie in die water doen?
7. 'n Paar van die blouwildebeeste het in die slag gebly toe die krokodille op hulle afkom. Wat beteken "in die slag gebly"?
8. Wat gebruik die duiker om onder water asem te haal?
9. Watter klere dra die duiker om onder water beskerm te word?
10. Dink jy die duiker is bang om so naby aan die krokodil te wees? Hoe sou jy gevoel het?
11. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
    Die krokodil het na die (oppervlak/bodem) gegaan om asem te haal.
12. Wat moes die duiker doen toe hy besef dat die krokodil hom as 'n bedreiging sien?
13. Hoeveel water kan 'n wildebees op 'n slag drink?
14. Is die trop wildebeeste bewus van die krokodil wat onder die water skuil? Hoe weet jy dit?
15. Hoekom bly die wildebeeste by die dam rondstaan as hulle weet dat daar krokodille is?
16. Het die krokodille opgegee na die eerste aanval? Motiveer jou antwoord.
17. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
    Krokodille (hou daarvan om alleen te jag/werk graag saam as 'n span).

## LES 3: LEES EN KYK
### LEESBEGRIP

Kyk na die video oor dolfyne.

Lees deur die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

https://youtu.be/Fv5CzCITtHc

### DOLFYNE



'n Dolfyn is 'n soogdier wat in water lewe. Die naam is afkomstig van die Griekse *delphis* wat "met 'n baarmoeder" beteken. In Afrikaans is vroeër algemeen na dolfyne as seevarke verwys. In Suid-Afrika is daar reeds 19 spesies dolfyne gesien. Internasionaal is daar 32 spesies in totaal. Hulle leef in groepe van so klein as 12 tot so groot soos 100 000.

Die dolfyne wissel in grootte van so klein as 1,5 m in lengte en 50 kg in massa, tot amper 10 meter en 7 000 kg. Die mannetjies is gewoonlik groter as die wyfies. Die dier se brein is groot en het 'n hoogsontwikkelde korteks. Hulle is baie intelligent. Die dolfyn slaap nooit baie diep nie, aangesien slegs die helfte van die brein op 'n keer rus.

Dolfyne kommunikeer met mekaar deur 'n wye verskeidenheid van kliek-, fluit- en ander geluide. Hulle hoor en sien uiters goed. Onderwatergehoor word aangehelp deurdat die kakebeen die klanktrillings na die middeloor gelei. Hulle tassintuig is ook goed ontwikkel, asook hul smaaksintuig, maar hulle kan nie ruik nie.

Dolfyne lewe gewoonlik in vlak water of bly naby aan die oppervlak. Hulle is vinnige swemmers en jag veral vis en seekat. Prooi word gewoonlik heel ingesluk.

Die voortbestaan van hierdie diere word hoofsaaklik bedreig deur menslike aktiwiteite. Interessant: Die moordvis behoort aan dieselfde familie soogdiere en is dus 'n dolfyn.

Roekeloos. 13 September 2020

### VRAE:

1. Kies die antwoord wat NIE PAS NIE. Skryf slegs die nommer en die letter neer.
   Soogdiere ...
   A. het melkkliere en die kleintjies word met moedersmelk gevoed.
   B. is warmbloedig.
   C. het ore wat drie klein beentjies bevat.
   D. se vel word met skubbe bedek en het nie hare of vere nie.
2. Waar sal jy dolfyne aantref?
3. Wat beteken die Griekse woord "delphis"?

4. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
   Wêreldwyd is daar (negentien/twee-en-dertig) dolfynspesies.
5. Wat is die verskil in grootte tussen die kleinste en die grootste groep dolfyne?
6. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
   Dolfyne is baie (dom/slim) diere.
7. Hoekom slaap dolfyne nie baie diep nie?
8. Hoe kommunikeer dolfyne met mekaar?
9. Watter sintuie van dolfyne is baie goed ontwikkel?
10. Watter sintuig van dolfyne is glad nie ontwikkel nie?
11. Verduidelik hoe dolfyne se gehoor onderwater verbeter.
12. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
    Jy sal heel waarskynlik dolfyne (naby/op) die strand sien.
13. Die volgende stelling is WAAR. Motiveer waarom dit waar is deur een sin aan te haal.
    Dolfyne kou nie hulle prooi fyn nie.
14. Pas KOLOM B by KOLOM A. Skryf slegs die nommer en die letter neer.

| A | | B | |
|---|---|---|---|
| 14.1 | Prooi | A | 'n Dolfyn |
| 14.2 | Bedreiging | B | Vis en seekat |
| 14.3 | Moordvis | C | Mense |

## LES 4: LEES EN KYK
### LETTERKUNDE: POËSIE

Lees die gedig "Krokodil" deur Johan de Lange en beantwoord die vrae.

**KROKODIL -** Johan de Lange
Vir Ina Rousseau



Die krokodil hang
aan sy gemmer oë
van die watervlak
-oë van 'n kat
vertikaal gekeep-
hang aan sy snoet
'n growwe stuk
boomstomp
die romp en pote
dryf roerloos
onder
roofdier
van die water
op wag
vir die wulp
of ekster
die vet kikvors
op die kaaimansblom
die bont rietpadda
met kwikbene

beweeg hy
dan trappel
die stert en pote
'n ligvoetse
onderwaterse ballet
op land
sy maag laag
teen die sand
krink sy hakke
in 'n komieklike
lomp waggel
hy lê in die son
met sy bek oop
met sy antieke
tydlose gryns

om hom klik
en gons insekte
sy lê eenkant
haar eiers slu
in die grond
uitoorlê selfs
die sluwe maraboe
met sy snoeperige
snawel –

opgesnipper
en uitgeknip
gepoleer gepatroon
en fyn gestik
word hy iets ligs
oor 'n vroulike
skouer geglip
maak hy oop
en toe
om allerlei
kleinighede te sluk.

**VRAE:**

1. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Gee 'n rede vir jou antwoord.
   'n Krokodil is 'n troeteldier.
2. Watter rympatroon word in hierdie gedig gebruik?
3. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
   Die vorm van die krokodil word nageboots deur die (natuurbeskrywing / tipografie) van die gedig.
4. Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf slegs die letter langs die nommer neer.
   Watter kleur is gemmer?
   A. geel-bruin
   B. rooi-oranje
   C. blou-groen
   D. swart-grys
5. Watter ooreenkoms is daar tussen die oë van die krokodil en die oë van 'n kat?
6. Waarmee word die krokodil se lyf vergelyk?
7. Haal EEN WOORD aan wat bewys dat die krokodil stil in die water lê.
8. Voltooi die sin: "van die water op wag vir die wulp" is 'n voorbeeld van ______
9. Watter sintuig word meestal in strofe 1 gebruik?
10. Haal EEN WOORD aan wat wys dat dit snaaks lyk as die krokodil op land beweeg.
11. Wat word met "antieke tydlose" bedoel?
12. Voltooi die sin: "klik en gons" is voorbeelde van ________________
13. Watter geslag is die krokodil wat eiers lê?
14. Wat word uiteindelik van die krokodil se vel, volgens die gedig, gemaak?
15. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
    "kleinighede te sluk" is 'n voorbeeld van (oordrywing/personifikasie).

## LES 5 & 6: SKRYF EN AANBIED

KORT TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### DAGBOEKINSKRYWING

**KENMERKE**

- Dis 'n kort kommunikasiewyse om 'n boodskap oor te dra.
- Die aanslag is informeel.
- Die doel van dagboekinskrywings is om meer van jou dag te vertel en gevoelens oor te dra.
- Net die hooftrekke word genoem.

**FORMAAT**

- Die dag/datum kom aan die regterkant van die dagboekinskrywing.
- Die datum moet gegee word.
- Daar kan met Liewe Dagboek begin word, maar dis opsioneel.
- Paragrawe is nie nodig nie.
- Daar hoef nie reëls oopgelaat te word nie.
- Sinne is kort en bondig.

**OPDRAG:**

1. Jy was op 'n opwindende uitstappie saam met jou familie na die gewilde Ushaka Marine World. Julle het die voorste sitplekke by die dolfynskou gekry en dit was 'n wonderlike ervaring. Maak TWEE dagboekinskrywings. Die eerste inskrywing moet handel oor die dag VOOR die besoek en die tweede inskrywing oor die dag NA die besoek. Altwee inskrywings moet altesaam **80-100 woorde** wees.

**OF**


2. Jy en jou familie het besluit om tydens die vakansie te gaan Skubaduik. Maak twee dagboekinskrywings. Die eerste inskrywing moet handel oor die dag VOOR julle gaan duik het en die tweede inskrywing oor die dag NA julle geduik het. Altwee inskrywings moet altesaam **80-100 woorde** wees.

## LES 7: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

- Vergelykings
- Intensiewe vorm

### VERGELYKINGS

Voltooi die volgende blokkiesraaisel deur die leidrade te beantwoord.




**DWARS**

6. So maer soos 'n
7. So steeks soos 'n
9. So plat soos 'n
10. So giftig soos 'n
14. So dronk soos 'n
15. So glad soos
18. So groot soos 'n

**AF**

1. Sing soos 'n
2. So stink soos 'n
3. So droog soos
4. Swem soos 'n
5. So moeg soos 'n
6. So gereeld soos
8. So skerp soos 'n
11. So donker soos die
12. So taai soos 'n
13. So helder soos
16. Sweet soos 'n
17. So trots soos 'n

## INTENSIEWE VORM

- Dit word gebruik om te sê iets is BAIE... bv.: baie lelik = skreeulelik
- Dit word altyd as EEN WOORD geskryf.

## OPDRAG:

Gee die INTENSIEWE VORM vir elkeen van die volgende woorde. Soek die antwoorde in die blok en skryf ook jou antwoorde hieronder neer.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | eerlik | 6 | snel | 11 | nodig | 16 | flou |
| 2 | skaam | 7 | vaal | 12 | suinig | 17 | kwaad |
| 3 | tevrede | 8 | verlief | 13 | dronk | 18 | dig |
| 4 | goedkoop | 9 | vrot | 14 | krom | 19 | gek |
| 5 | helder | 10 | wyd | 15 | weinig | 20 | nakend |

## INTENSIEWE VORM

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | | 11 | |
| 2 | | 12 | |
| 3 | | 13 | |
| 4 | | 14 | |
| 5 | | 15 | |
| 6 | | 16 | |
| 7 | | 17 | |
| 8 | | 18 | |
| 9 | | 19 | |
| 10 | | 20 | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | M | S | Z | E | P | L | Q | U | G | U | K | L | L | P | N | V | I | V | E | K | P | Z | T | V | Y | M | B | F | Z |
| F | X | R | D | Y | L | H | Q | W | Q | B | S | K | G | L | I | U | A | E | I | B | P | K | A | R | T | T | F | E | K |
| V | L | E | N | S | S | T | I | L | B | M | R | V | B | U | A | D | H | L | W | A | W | Y | D | E | J | Y | W | I | X |
| M | I | J | M | J | E | K | I | D | O | I | B | O | Y | B | S | A | R | R | S | J | E | M | U | K | X | C | Q | L | I |
| O | T | W | C | F | Z | Q | Q | O | S | L | Q | K | O | L | L | E | V | V | K | R | R | P | O | S | V | B | L | R | I |
| X | N | P | J | Y | P | Q | R | T | D | I | D | F | D | D | E | U | U | S | E | U | X | S | S | U | X | A | N | E | M |
| P | O | T | D | I | G | D | A | A | K | T | U | W | H | D | N | N | X | K | A | O | I | G | P | I | Y | F | W | V | I |
| P | X | L | R | I | R | L | A | J | C | X | C | M | O | Q | F | O | E | G | M | L | B | B | O | N | J | Y | F | R | Z |
| P | E | V | Z | O | H | W | A | L | B | U | B | O | Z | E | D | P | D | J | Z | F | N | T | T | I | B | T | S | O | W |
| Q | W | C | N | E | K | K | D | Z | W | T | D | E | F | G | T | B | C | I | S | K | P | T | G | G | Y | A | X | O | T |
| U | E | K | L | R | J | C | X | Y | D | D | C | Z | A | F | V | D | B | N | G | O | D | S | O | I | G | E | Y | M | S |
| I | L | D | O | P | G | H | C | T | I | J | I | C | I | K | I | C | E | M | N | T | Y | K | E | O | V | T | Q | S | F |
| Y | E | O | Y | N | G | F | Y | G | M | K | P | J | H | F | R | W | F | M | H | S | I | L | D | A | I | B | D | U | C |
| R | M | O | R | K | L | E | P | E | O | H | N | R | R | D | F | S | I | H | W | O | R | I | K | P | T | P | I | W | C |
| S | Y | Q | D | G | Z | P | X | P | V | X | K | N | X | A | E | N | T | G | Z | P | I | M | O | O | Y | Z | E | W | U |
| M | Y | L | S | Q | R | J | B | U | F | T | K | F | L | Z | P | T | Y | A | V | G | B | C | O | E | E | G | G | V | B |
| C | K | S | H | H | U | Y | H | A | V | A | R | P | C | C | S | E | S | T | P | E | G | R | P | D | O | H | M | Z | C |
| S | F | H | V | D | F | A | Y | H | D | W | C | U | J | S | C | B | N | M | C | E | K | B | V | E | W | V | X | Z | C |
| H | L | X | G | K | Z | Z | P | U | Z | X | B | R | L | D | K | K | E | P | O | F | L | G | O | L | J | J | A | X | T |
| T | L | G | G | I | D | T | P | C | N | X | M | X | I | H | O | F | P | Z | E | G | P | G | Y | N | J | K | P | K | H |
| V | V | K | V | S | N | F | O | D | R | D | S | O | I | F | R | O | D | T | B | F | B | X | E | A | Z | M | P | E | J |
| U | Q | U | A | D | T | I | O | H | Z | G | C | H | K | H | B | R | D | L | S | U | Z | N | C | K | O | H | B | M | I |
| L | Q | P | O | J | Q | G | E | M | Z | I | U | J | O | N | X | K | L | T | I | C | S | L | C | E | N | I | J | J | B |
| P | S | Y | Z | M | J | A | M | W | I | F | R | S | G | A | K | N | T | N | E | I | P | A | D | N | A | D | C | C | T |
| H | Y | G | C | K | Q | R | A | K | D | C | D | V | C | Z | I | O | P | D | W | V | V | B | N | D | W | R | Y | C | N |
| T | N | I | V | Q | L | P | K | A | H | E | C | Q | I | C | R | C | G | F | F | V | R | L | G | E | X | K | F | M | F |
| D | O | O | D | S | K | A | A | M | S | Y | O | D | D | V | F | Q | W | X | R | H | P | E | B | S | W | G | K | L | N |
| Z | U | V | T | M | Q | J | E | Z | E | Z | L | L | P | E | R | P | Y | Z | M | N | V | R | D | N | S | J | U | V | Z |
| K | P | L | U | O | N | E | U | L | P | T | D | A | B | A | H | K | W | E | I | K | I | L | Q | E | N | B | L | D | X |
| Y | L | O | T | O | C | S | C | M | H | U | P | A | U | H | A | P | V | Z | X | L | J | L | O | Q | K | X | Q | Z | R |

## LES 8: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

- Ontkennende vorm

## ONTKENNENDE VORM
## REËLS:

| | | |
|---|---|---|
| **Statement** | • 1st NIE after V1<br>• 2nd NIE at the end of sentence | Graffiti is 'n kunsvorm.<br>Graffiti is nie 'n kunsvorm nie. |
| **Verb followed by pronoun/proper noun** | • 1st NIE after pronoun/proper noun<br>• 2nd NIE at the end of sentence | Ek sien Garreth op die mure skryf.<br>Ek sien Garreth nie op die mure skryf nie. |
| **Questions** | • We answer with NEE,<br>• 1st NIE after V1<br>• 2nd NIE at the end of sentence<br>• Pronouns changes<br>• Pronoun goes before V1 | Het jy Garreth op die mure sien skryf?<br>Nee, ek het nie Garreth op die mure sien skryf nie. |
| **Command** | • Start with MOENIE<br>• Verb goes to end<br>• NIE at the end of sentence after verb | Skryf iets teen die muur!<br>Moenie iets teen die muur skryf nie! |
| **Command & asseblief** | • Moenie changes to MOET NIE<br>• Asseblief goes between MOET & NIE<br>• Verb goes to end<br>• NIE at the end of sentence after verb | Sit asseblief die spuitkannetjie neer!<br>Moet asseblief nie die spuitkannetjie neersit nie! |
| **Word changes in negative** | • Change the word into negative<br>• Stays in same place<br>• Only one NIE: After the verb | Iemand het prentjies teen die brug geverf.<br>Niemand het prentjies teen die brug geverf nie. |



**Words that changes in the negative:**

| | |
|---|---|
| **alles/iets** | **niks ... nie** |
| **almal/iemand** | **niemand ... nie** |
| **altyd/ooit** | **nooit ... nie** |
| **enige/een** | **geen ... nie** |
| **enigsins** | **geensins ... nie** |
| **moet** | **moenie ... nie** |
| **oral/êrens** | **nêrens ... nie** |
| **al/alreeds** | **nog nie ... nie** |
| **al een** | **nog geen ... nie** |
| **al êrens** | **nog nêrens ... nie** |
| **al iemand** | **nog niemand ... nie** |
| **al iets** | **nog niks ... nie** |
| **al ooit** | **nog nooit ... nie** |
| **nog** | **nie meer ... nie** |
| **nog alles** | **niks meer ... nie** |
| **nog almal** | **niemand meer ... nie** |
| **nog êrens** | **nêrens meer ... nie** |
| **nog iemand** | **niemand meer ... nie** |
| **nog iets** | **niks meer ... nie** |
| **óf... óf** | **nóg ... nóg** |
| **sowel ... as** | **nóg ... nóg** |
| **beide ... en** | **nóg ... nóg** |

} **GEEN ~~NIE~~**

| | | |
|---|---|---|
| **Double negative** | If there are two words that can change into the negative, you only change the 1st one.<br>NIE at end of sentence | **Iemand** het **iets** teen die muur geskryf.<br>**Niemand** het **iets** teen die muur geskryf nie. |
| **Conjunction sentences** | If you are negating a sentence after a conjunction, the NIE in the second sentence comes after the noun/pronoun. | Die seun is in die moeilikheid omdat hy in sy boek geteken het.<br>Die seun is in die moeilikheid omdat hy NIE in sy boek geteken het NIE. |

## OEFENING 1:

Skryf die volgende sinne in die ONTKENNENDE VORM oor.


1. Suider-Afrika is die tuiste van 'n rykdom soogdiersoorte.
2. Soogdiere woon in 'n wye verskeidenheid habitatte.
3. Soogdiere lê altyd eiers.
4. Soogdiere is gewerweld en warmbloedig.
5. Jy moet die soogdiere voer!
6. Het alle soogdiere vier hartkamers?
7. Die naam soogdier beteken dat hulle moedersmelk drink.
8. Die kameelperd laat hom maklik vang.
9. Bewaar asseblief ons soogdiere!
10. Almal het al êrens 'n wilde dier in die natuur gesien.
11. Die seekoei is in die moeilikheid, want die krokodil het hom aan sy been gegryp.
12. Dolfyne lewe altyd in diep water.
13. Die voortbestaan van dolfyne word deur menslike aktiwiteite bedreig.
14. Soogdiere het oral hare op hul lyf.
15. Die vlermuis is die enigste vlieënde soogdier.
16. Het jy al ooit gesien hoe 'n soogdier geboorte skenk?
17. Die meeste troeteldiere is soogdiere.
18. Mense word as soogdiere geklassifiseer.
19. Olifante is die grootste soogdiere wat op land woon.
20. Óf walvisse óf dolfyne is soogdiere wat in water lewe.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

**OEFENING 2:**

Beantwoord die volgende vrae in die ONTKENNING deur met **NEE,** te begin.

1. Kan alle soogdiere hul liggaamstemperatuur reguleer?
2. Is krokodille gevaarlike diere?
3. Eet dolfyne graag vis en seekat?
4. Is daar iemand wat saam met my wil gaan diepseeduik?
5. Wil julle graag saam met dolfyne swem?
6. Is 'n vlermuis 'n soogdier?
7. Is die luiperd die vinnigste soogdier?
8. Kan die leeu vinniger as die luiperd hardloop?
9. Het jy al 'n walrus gesien?
10. Sal jy olifante in Amerika aantref?
11. Behoort die erdvark aan die Orycteropodidae-familie?
12. Het jy al ooit 'n rooiklipkonyn gesien?
13. Is 'n nagapie deur die dag aktief?
14. Is 'n ystervark 'n knaagdier?
15. Kan 'n wildehond 'n buffel doodmaak?
16. Dink jy dat robbe soogdiere is?
17. Kan jy 'n wildehond in jou tuin aanhou?
18. Is daar 'n verwantskap tussen walvisse en seekoeie?
19. Weet jy hoe laat die dolfynskou begin?
20. Kom vlermuise in die bosveld voor?


Vir pret:
Hoeveel is daar
van elke vissie?